

## FOKUS OP || MATRIEKAFSKEID

# Pa, ek belowe ons sal soet wees

Marchelle van Zyl

**M**atriekafskeidkoors begin weer hoog loop en almal soek nuwe idees om die partytjie 'n onvergeetlike ervaring te maak. Op die ou end gaan dit oor pret. Dis die laaste grootste partytjie van jou skoolloopbaan en dit is dikwels die laaste keer wat jy saam met al hierdie vriende gaan partytjie hou. So, kom ons stook die pretvure. Hier is 'n paar idees om die styf uit die partytjie te haal.

### Lek my!

Jy gaan jou bene stompies dans by die groot partytjie, maar dis nou nie juis die mees aantreklike ding as jy sweet asof jy nou net die 100 m teen Bolt verloor het nie. Gewone poedings is gewoonlik net té swaar na die groot hoofmaal, so koel eerder af met 'n prettige roomys op 'n stokkie. (Daar's boonop minder skottelgoed!)

Las Paletas-roomys is 'n prettige alternatief om te oorweeg. Jy kan smul aan geure soos Brownie-kaaskoek, Lindt-sjokolade, grondboontjiebotter-bom en aarbeie-en-room, om maar 'n paar te noem. Of laat dompel selfs jou roomys in Lindt- of Milk Lindt-sjokolade met neutte. En as die roomys en ysstokkies nog boonop met nét vars produkte gemaak word, sonder enige kunsmatige byvoegsels, sal jou aandagafleibaarheid dalk eers teen slaaptid inskop.

### 'n Selfie sonder die arms

Die kiekie-hokkies van Retro Photo Booth is meer pret as om die hoofseun te sien val oor die Engels-juffrou se kiere. Hulle kiekie-hokkies kom met al die bybehore om jou nuutste FB-profielfoto te word – pruike, hoede, woordborrels, brille en nog vele meer. Met die raakskerms kan jy self kies hoe jou foto moet lyk – soos of jy kleur of wit-en-swart foto's wil neem. Binne sekondes word twee foto's met drie foto's uitgedruk en kan jy dit aan al jou nuwe aanhangers uitdeel.



Lek 'n lollie! Daar gaan genoeg meringue-rokke wees; verlustig jou eerder aan smullekker roomys vir poeding. Foto: LAS PALETAS



Jy kry uitgedrukte foto's waarmee jy kan spog. Foto: RETRO PHOTO BOOTH



Die lekkergoed-buffet is 'n bederf wat jou tong sal laat hande klap. Foto: THE SWEET STATION CO.



Jy dink jy lyk so deftig. Sit eerder 'n pruik op. Foto: RETRO PHOTO BOOTH

### Ontmoet jou by die "soet-kroeg"

In plaas van 'n pavlova of 'n meringue of een of ander swaar Franse onuitspreklike poeding, kan jy 'n lekkergoed-buffet vir

die gaste voorsit. Van stokkielekkers tot koekies, malvalekkers, kolwyntjies (*cupcakes*, dommie!) toffie-appels, klapperys en nog vele ander watertandsoetgoed.

The Sweet Station Co. is een besigheid wat spesialiseer in hierdie lekkergoed-buffets met hul wye reeks produkte en temas. Die buffet kan aangepas word om by jou besondere ma-

triekafskeid se tema en kleurskakerings te pas. Dis 'n visuele fokuspunt en pragtig, maar die beste van alles is, jy kan dit eet!

Glo my, jy was nog nooit so soet op 'n partytjie nie.

## PLATINUM Hair & Beauty





**Tygervallei • Tel. 021 914 3180**  
**Paarl • Tel. 021 870 1027**  
**www.phbeauty.co.za**

**Platinum Hair & Beauty** is een van die mees ervare salonne as dit by oormakessies kom.

Ons is baie bekend daarvoor dat ons enigiemand in 'n ware Aspoestertjie-styl omtower, of om net jou natuurlike skoonheid te beklemtoon.

**Platinum Hair & Beauty Matriekafskeid**  
Beplan jou voorkoms (grimering en hare) met kundige raad van ons stils.

**Proeflopie**  
Hare: R250  
Grimering: R180

**Matriekafskeidpakket**  
Stilering  
Grimering  
Naels  
Pedikuur  
**Spesiale aanbod R1 200**



Ure: Maandag - Vrydag 08:00 - 17:00 Saterdag 08:00 - 14:00 • E-pos: phbeauty@mweb.co.za



Die kleure van die uitstalling en verskeidenheid lekkers kan aangepas word om by die tema van die aand te pas. Foto: THE SWEET STATION CO.